DRAKENSTEIN
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALE WASE

"A Place of Excellence"

Verklaring deur **Drakenstein Uitvoerende Burgemeester – Conrad Poole**

Geluk en voorspoed vir Drakenstein Olimpiese en Paralimpiese Atlete!

Met die Olimpiese Spele agter die rug, begin die Paralimpiese Spele in Rio, oor net meer as 'n week! Soos met die Olimpiese Spele, word Suid-Afrika ook verteenwoordig deur atlete en amptenare vanuit Drakenstein. As Munisipaliteit en inwoners van Drakenstein is ons geweldig trots op ons atlete en amptenare, wat met nederige beginverhale, die groot hoogtes bereik het.

Namens die hele Drakenstein, wil ek graag vir Ernst van Dyk as atleet, Raymond Julies en Elrick Kulsen as afrigters, en amptenare baie sterkte toe wens vir die Paralimpiese Spele. Ons beste wense gaan saam met julle na Rio! Ons weet dat julle ons land sal verteenwoordig na die beste van jul vermoë.

Wanneer ons Paralimpiese deelnemers terugkeer gaan die Drakenstein Munisipaliteit al ons atlete en prestasies by hierdie jaar se Olimpiese en Paralimpiese Spele vier. Ons wil al ons deelnemers van Drakenstein vereer. Die volgende mense het Suid-Afrika verteenwoordig op die veld : Luvo Manyonga (Silwer – Verspring), Juan de Jongh (Brons – Sewes Rugby), Rushwal Samaai (Verspring), Henrico Bruintjies (Atletiek) en Ernst van Dyk (Para-fietsry). Van die veld af was Drakenstein ook teenwoordig in die bestuur en afrigting van die atlete Bredon Du Plessis, Peter Lourens, Renfred Dazel, Raymond Julies en Elrick Kulsen is die mense wat agter skerms dinge laat vlot het.

Baie geluk aan die wat reeds deelgeneem het en sterkte vir die wat nog moet deelneem, ons staan bankvas agter julle. Met almal se terugkeer sal Drakenstein Munisipaliteit 'n geleentheid reël waar ons saam met julle kan vier. Julle uitnemendheid is vir ons 'n inspirasie.

#Einde#